Omgeegroep gespreksgids
Tema 3:
Kom sit aan!
(1 Johannes 3:1-3, 18-24)

Inleidende oorsig:

Ons gesels die afgelope paar weke oor 1 Johannes, en hierdie week kyk ons in hoofstuk 3 na 'n paar baie bekende gedagtes: kindskap, geloof, liefde en ons gewete.

Inleidende vrae:

- Gesels met mekaar oor 'n mooi herinnering wat jy al in jou lewe aan tafel gehad het. Wie was daar? Wat was die geleentheid? Waarom koester jy daardie herinnering?
- As jy die woord 'liefde' hoor en jy moes dink aan een persoon, aan wie dink jy? Waarom dink jy is dit so?

Wandel in die Woord

Lees 1 Johannes 3:1-3 en :18-24 saam.
**Herderleier: laat jou groep hierdie teksgedeelte twee keer lees, as jy wil, in twee verskillende vertalings.

Die Boodskap:
"Leef reg, Jesus kom weer
1 Ons staan bekend as kinders van God. Ons ís dit natuurlik ook. Ons hemelse Vader self het ons sy kinders gemaak - dít is nou liefde as daar al ooit liefde was!

Maar die wêreld ken ons nie. Hulle weet nie wie ons regtig is nie. Weet julle hoekom? Hulle ken God nie.

2 My broers en susters vir wie ek so lief is, luister, ons is nou reeds kinders van God. Watter wonderlike dinge nog alles in die toekoms met ons gaan gebeur, is ons nie seker van nie. Van een ding is ons egter seker: Jesus kom weer. Dan gaan ons Hom in sy grootheid sien soos Hy regtig is en ons self gaan ook soos Hy word.

3 Vertrou jy Jesus so dat jy dít van Hom verwag? Wel, maak dan Jesus se optrede die patroon van jou lewe: soos sy lewe skoon en sonder foute was, so moet joune ook wees.

18 My liewe kinders, ons liefde moenie net uit 'n gepraat bestaan nie. Dit moet in dade uitgeleef word. Dit is wat iemand doen vir wie God se waarheid belangrik is.

19 So sal ons daarvan seker kan wees dat wat ons doen uit die fontein van God se waarheid borrel. Ons sal met vertroue voor God self kan staan.

20 Selfs as daar dinge is waaroor ons skuldig of onseker voel, weet ons dat God groter is as al ons skuldgevoelens of onsekerhede. Hy weet immers meer oor ons as ons self.

21 My liewe vriende, as ons van hierdie skuldgevoelens en slegte gewete ontslae is, is daar niks wat ons meer keer om by God op ons gemak te wees nie.

22 Dan kan ons dinge van Hom vra en ons sal dit van Hom kry. Ons vra en doen immers net dit wat in ooreenstemming is met God se wil en wat Hom tevrede en gelukkig maak.

23 Dít is wat God wil hê: ons moet sy Seun, Jesus Christus, volledig in die geloof aanvaar vir wie Hy is. Daarmee saam moet ons die wil van Jesus doen deur mekaar lief te hê.

24 Wie God se wil so doen, is werklik deel van die intieme familiekring van God. Sy belange raak totaal met die belange van God vervleg. God is vir hom die allerbelangrikste en hy is net so belangrik vir God. Dat God ons werklik so deel van sy intieme familiekring gemaak het, kan ons daarin sien dat Hy aan ons die Heilige Gees gegee het."

- Deel met mekaar wat jou opgeval het in hierdie gedeelte? Is daar 'n spesifieke woord, frase of sin wat jou aandag trek? Is daar iets waaraan jy onwillekeurig dink?

Deel met mekaar

1. Dit is eie aan die mens (ook dikwels gelowiges) om te dink ons is nie welkom aan God se tafel nie. Hoekom dit julle is dit so?
2. 1 Johannes 3 help ons ook om te verstaan dat skuldgevoel en ‘n slegte gewete ons soms weerhou daarvan om deel van God se intieme familiekring te voel.
   Waarvan beroof skuldgevoel ons? Wat wen ons wanneer ons daardie skuldgevoel in vertroue by die Here se voete neerlê?
3. Gesels oor die volgende aanhaling: “Geloof is ‘n leegword van die self en ‘n volword van ‘n intieme, persoonlike verhouding met die Vader, die Seun en die Gees.”

Praktiese oefening vir die week:

Kindskap as gelowiges is vir die meeste van ons ‘n konsep waarmee ons al lank bekend is. Ons weet dit. Ons is dit geleer van kindsbeen af. Tog gebeur die lewe. Ons raak besig, ons raak bekommerd, ons raak moeg, ons fokus verskuif met klein treetjies.
Wat kan julle as groep hierdie week doen om die gedagte van ons kindskap te laat afsak tot diep in ons skoene en in ons harte? Wat moet jy ophou doen, begin doen, nuut doen, anders doen?

Bid saam

Sluit julle gesprek af deur saam met mekaar en vir mekaar te bid.

- Bid dat die Here julle sal help om nog meer op Hom vertrou.
- Bid saam oor dié dinge wat onnodige skuldgevoel bring.
- Bid dat die Here julle groep sal gebruik om die wêreld te vul met God se liefde en sy vrede.